Hoekom verskyn Jesus na Sy Opstanding? | 16 April 2023 | Ds. PC Pretorius

pc.pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Ons bly hierdie week in die wonderwerk gebeure van Paasfees. Jesus het opgestaan, die graf is leeg! Jesus kom steeds tot ons verbasing en verskyn aan mense na sy opstanding. Hoekom sou Jesus dit doen? Die voor die hand liggende antwoord is om te wys Hy het opgestaan. Steeds kom doen Hy ook soveel meer as dit. Deel met mekaar jul I Will Statements van die afgelope 2 weke.

Wenke vir leier

Gesels hierdie week verder aan die hand van die bykomende vrae onder gesels saam. Indien die gesprek ander vrae ontlok, voer gesprek in die kring daaroor.

Lees saam

Johannes 20

19Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" **20**Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. **21**"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." **22**Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! **23**As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie." **24**Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie. **25**Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!" Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

Jesus en Tomas

26Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by julle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!" **27**Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig." **28**En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!" **29**Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo." **30**Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. **31**Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun of Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?
3. Gesels oor die gevoelens van die Dissipels van Jesus in die bovertrek.
4. Wat staan vir jou uit met Jesus se woorde wat Hy vir hulle sê?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035